

Die skywe word so beheer:

- 1) Elke raam het tans in "permanent marker" pen sy nommer op. Skyf 1 kom op B1, Skyf 2 op B2 ens.
- 2) Elke raam het ook sy stelsel nommer op. Dit is krities dat ons die stelsels nie deurmekaar maak nie! (Die vooraf opstelling van die server verg dat die posisies van die stelsels in volgorde behoue moet bly)
- 3) Die stelsel nommer is aangebring op elkeen van die komponente: Battery, Aerial, Sender-eenheid sowel as die mikrofone.
- 4) Die mikrofone is aangedui met die stelsel nommer en agtervoegsel van -1, -2, -3, -4. Dit is gedoen sodat elke mikrofoon op sy beurt ook presies op sy selfde posisie geïnstalleer word.
- 5) Die "pads" waarop die mikrofone aangebring word het die nommer gegraveer in die "pad" self. Sodoende weet jy wat is posisie 1,2,3 en 4.
- 6) Al die kables in die rame is die stelsels se oorspronklike kleur-kode kables, so die koppeling aan die sender eenheid is maklik.
- 7) Kables is vas getrek sodat die kabel nie uit reig nie. Die kables is net-net lank genoeg om by die mikrofone en sender eenhede in te prop. Wees asb versigtig om nie die kables te trek en te beskadig nie
- 8) Soortgelyk - wanneer die rame weer terug gebring word container toe, wees asb uiters versigtig dat die kabel of sy connector nie onder n raam vasgedruk word nie.
- 9) Omdat die rame elke keer in dieselfde volgorde geplaas word, sal dit net ordelik wwees om die rame van een punt af weer af te dra en te stoor in daardie volgorde.
- 10) BAIE BELANGRIK!!!! - Die battery word heel laaste gekoppel! Die Aerial moet eers in geprop word voordat die battery gekoppel word. Soortgeelyk moet die battery ook eers ontkoppel word voordat die aerial ontkoppel word.
- 11) Die klub is tans besig om sakke te laat vervaardig vir die veilige storing van elke stelsel se komponente. Ons gaan nie toelaat dat mikrofone ens sommer net los saam gesit word in n enkel houër en sodoende vermeng raak nie. Die sakke sal in spons so uitgesny word dat visuele beheer maklik sal wees. Elke komponent het sy eie gaatjie waarin dit pas. Sodoende sal dit oogloped wees as die stelsel nie volledig is nie.
- 12) Voortans sal n verteenwoordiger van elke span toegerus word met n stelsel en dit sal sy verantwoordelikheid wees om met ontvangs seker te maak dat sy stelsel volledig en onbeskadig is. So ook sal die persoon verantwoordelik wees om die stelsel netjies en volledig terug te besorg, waartydens die persoon wat die stelsels beheer sal seker maak dat alles ontvang is. Hierdie is duur stelsels en beheer moet toegepas word.

Al hierdie maatreels is om die stelsels so op te rig sodat die komponente soos gekalibreer, weer dieselfde posisies inneem. Sodoende is elke sensor, stelsels en sy draad dieselfde elke keer en dit is beste praktyk om herhaalbaarheid, akkuraatheid en dus tot gevolg: verbruiker vertrou te verseker. Die stelsels is gekalibreer met puik resultate en daar is n kalibrasie verslag ingedien by die kommittee wat op rekord gehou word.

Kom ons hou almal by hierdie dissipline en sodoende verseker ons dat die stelsels beste diens lewer. Ons het tog immers almal belange in ons belegging!